# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

THURSDAY, 14 NOVEMBER 2024

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Speaker welcomed all the guests in the gallery, especially the delegation from the California Assembly.

4. [14:17] The Speaker made a general announcement regarding the logistical arrangements for the sitting taking place.

5. [14:18] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved: That the House resolves to revive the consideration of the Green Haven Petition introduced during the Sixth Parliament, and hereby refers the petition to the Standing Committee on Infrastructure.

   Agreed to.

5. [14:19] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

   Agreed to.

6. [14:20] The House discussed the following subject in the name of Hon Member W F Kaizer-Philander.

   The failure of the South African Social Security Agency to provide services to the people of the Western Cape and the impact this has on the most vulnerable people in the society.

   Debate concluded.

7. [15:25] Interpellations.

8. [16:09] Questions.

9. [17:11] Statements by Members.

10. [17:36] Response to statements by Members by Mr A R Winde, Premier; Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning; Mr J J Londt, Minister of Social Development and Mr D J Maynier, Minister of Education.

11. [17:41] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

13. [17:42] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

14. Mr N Masipa moved without notice: That the House notes the recent international achievements of Creation Wines, Klein Constantia Wine Estate and Benguela Cove at the prestigious World's Best Vineyards 2024 competition; acknowledges that Creation Wines was ranked 3rd globally and honoured as the African Continental Winner for its exceptional wine experiences, which combine gourmet tasting menus with educational insights into viticulture; further notes that Klein Constantia achieved an impressive ranking of 41st globally, while Benguela Cove also secured a place among the world's best, demonstrating the high quality of South Africa's wine industry; recognises that this acknowledgment highlights what is already well-known: that the Western Cape, and South Africa as a whole, offers world-class wine tourism experiences, reinforcing our region's status as a premier destination for wine enthusiasts worldwide; moves that the House sends a congratulatory message to these businesses, commending the men and women who drive excellence in the Western Cape's wine industry and encouraging them to continue elevating South African wine on the global stage.

    Agreed to.

15. Mr N Masipa moved without notice: That the House notes that the Nantes Athletic Club, based in the Ithemba constituency in the City of Cape Town, recently hosted its annual Heritage Athletic Event in Athlone, which drew thousands of runners from across the Western Cape, including participants of all ages and members of the City of Cape Town Firefighters; acknowledges that the Nantes Athletic Club was established in 2014 by members from Athlone, Heideveld and the surrounding communities, with a mission to promote healthier lifestyles through walking and running, while emphasising enjoyment and community spirit; further notes that the Cape Town Chinese Consul and dignitaries attended the event to gain a greater understanding of various Western Cape Provincial Parliament constituencies; recognises that the event is not only a day of athletic activity but also a celebration of the culture and heritage of the Western Cape, uniting communities in shared traditions; notes that representatives from the Western Cape Provincial Parliament and the City of Cape Town were present to engage with participants and residents as part of a constituency outreach and heritage commemoration; emphasises the need for more events like this to provide positive outlets for the youth, to reduce crime, to promote healthy lifestyles and to foster unity across diverse communities; and moves that the House sends a congratulatory message to the Nantes Athletic Club, encouraging other communities to establish similar clubs to address health and wellness challenges and strengthen community bonds.

    Agreed to.

16. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes and congratulates Mr Ayanda Ndamane, an award-winning photojournalist from Independent Media, on his outstanding achievement at the 2024 Vodacom Journalist of the Year Awards, where he was honoured with the Photographer of the Year title for his powerful body of work, including the photograph "Pro-Palestine crowd clash with police", which was featured on the front page of the *Cape Times*; further notes that this prestigious award follows Mr Ndamane's earlier recognition at the 2024 Standard Bank Sikuvile Awards where he was celebrated for his impactful images covering pro-Palestinian protests, and further cementing his place as one of South Africa's most talented and influential photojournalists; acknowledges Mr Ndamane's exceptional commitment to his craft, which not only highlights his technical

skill, but also his dedication to telling important stories, often at great personal risk, and his role in using photography to illuminate critical social and political issues; further acknowledges that Mr Ndamane's success serves as a powerful inspiration to young people, particularly those from disadvantaged backgrounds such as his own, demonstrating that hard work and perseverance can overcome even the greatest challenges, and providing hope to the next generation of journalists and photographers; and congratulates Mr Ayanda Ndamane on his well-deserved recognition at the 2024 Vodacom Journalist of the Year Awards and commends him for his continued excellence and commitment to the profession of photojournalism.

Agreed to.

17. Mr F Kamfer moved without notice: That the House notes and congratulates Emile Witbooi, a 16-year-old football talent from Cape Town City, for receiving the incredible opportunity to attend trials with the Chelsea Football Club, one of the most respected and prestigious football teams in the world, in recognition of his remarkable abilities on the field; further notes that Emile has been invited to a four-week trial at Chelsea's training base in London, a significant step in his promising football career and testament to his skill and potential, which have already attracted attention from several top European clubs; acknowledges that Emile's football talent runs in his genes as he is the son of the highly respected footballer, Bradley Ralani, who has played for prominent teams, including Cape Town City, Cape Town Spurs, and Mamelodi Sundowns, contributing to Emile's own passion and drive in the sport; recognises that this opportunity represents a significant milestone for Emile, not only in his personal development as a footballer, but also as a potential future star for Bafana Bafana, South Africa's national football team; and congratulates Emile Witbooi on his trial invitation with the Chelsea Football Club and wishes him all the best as he embarks on this exciting chapter in his football career.

Agreed to.

18. Mr F C Christians moved without notice: That the House notes with concern an article by Marsha Dean in the *Cape Argus* of Tuesday 12 November 2024; notes that the gist of the article is about a Grade 3 learner who wants to be a gangster when he grows up; notes that the boy writes that he wants a gun in his hand, that he is going to smuggle guns, and that he twice says that he is going to be a gangster in the four lines he had written; further notes that this boy lives in one of our communities; notes that his name and the name of the school he attends are withheld; notes that he is the product of the abnormal life lived on the Cape Flats; notes that normally God-fearing fathers strive to teach their children, especially their sons, to follow in their footsteps and that they do their best to guide and teach them by setting an example to follow; notes that, in the abnormality of gangster-infested communities, parental teachings are replaced by an attraction from the pit of hell itself; notes that the rule of the gun and a life of having power over others replace patriarchal guidance with gangster lore; notes that the shocking statement from this young boy is a damning indictment of so-called modern society; notes that this is a young boy who will try to exert himself over his peers; notes that he has chosen a way of life that could end in his untimely death; notes that he feels called to belong to a gang and be a gangster, and he feels called to a future of drug-dealing, gang-fights, shootings, murder and jail time; notes that this style of living, written by his own hand, calls him out of childhood and the protection of his family; notes that it is the plea of the ACDP that this nameless boy will have the opportunity to be shown the way out of this dilemma that he finds himself in; notes that he and others like him can be assisted to see that there is a different way of life; and calls on the assistance of role players to bring accepted normalcy to his life and others like him.

Agreed to.

19. The House adjourned at 18:00.



Digitally signed by Romeo Adams
Date: 2024.11.20 08:38:28 +02'00'

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

No 12 - 2024] EERSTE SESSIE, SEWENDE PARLEMENT

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

DONDERDAG, 14 NOVEMBER 2024

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Speaker verwelkom al die gaste op die galery, veral die afvaardiging van die Kaliforniese Vergadering.

4. [14:17] Die Speaker maak ŉ algemene aankondiging oor die logistieke reëlings vir die sitting wat plaasvind.

5. [14:18] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel voor: Dat die Huis besluit om die oorweging van die Green Haven-petisie wat tydens die Sesde Parlement ingedien is, te hernuwe en hiermee die petisie na die Staande Komitee oor Infrastruktuur te verwys.

   Goedgekeur.

6. [14:19] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Onderwerp vir bespreking voorrang het.

   Goedgekeur.

7. [14:20] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb W F Kaizer-Philander:

   Die versuim van die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid om dienste aan die mense van die Wes-Kaap te verskaf en die impak wat dit op die mees weerlose mense in die samelewing het.

   Debat afgesluit.

8. [15:25] Interpellasies.

9. [16:09] Vrae.

10. [17:11] Verklarings deur Lede.

11. [17:36] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr A R Winde, Premier; mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning; mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling en mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.

12. [17:41] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

Die Speaker doen ŉ aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

13. [17:42] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

14. Mnr N Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die onlangse internasionale prestasies wat behaal is deur Creation Wines, die Klein Constantia-wynlandgoed en Benguela Cove by die gesogte World's Best Vineyards 2024-kompetisie; erkenning gee dat Creation Wines wêreldwyd 3e geplaas is en as die Afrika-kontinent-wenner aangewys is vir sy uitsonderlike wynervarings, wat fynproewerspyskaarte met opvoedkundige insigte oor wingerdbou kombineer; verder kennis neem dat Klein Constantia ŉ indrukwekkende 41e plek wêreldwyd behaal het, terwyl Benguela Cove ook ŉ plek onder die wêreld se bestes behaal het, wat die hoë gehalte van Suid-Afrika se wynbedryf demonstreer; erkenning gee dat hierdie eerbewyse beklemtoon wat reeds bekend is: dat die Wes-Kaap, en Suid-Afrika as geheel, wyntoerisme-ervarings van wêreldgehalte aanbied, wat ons streek se status as ŉ vooraanstaande bestemming vir wynentoesiaste wêreldwyd versterk; voorstel dat die Huis ŉ boodskap van gelukwensing aan hierdie ondernemings stuur en die mans en vroue wat vir uitnemendheid in die Wes-Kaapse wynbedryf verantwoordelik is, aanprys en hulle aanmoedig om voort te gaan om Suid-Afrikaanse wyn op die wêreldverhoog in die kalklig te stel.

Goedgekeur

15. Mnr N Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Nantes-atletiekklub, wat in die Ithemba-kiesafdeling van die Stad Kaapstad gebaseer is, onlangs sy jaarlikse Erfenis-atletiekbyeenkoms in Athlone aangebied het, wat duisende hardlopers van regoor die Wes-Kaap gelok het, insluitende deelnemers van alle ouderdomme en lede van die Stad Kaapstad se Brandbestryders; erkenning gee dat die Nantes-atletiekklub in 2014 deur lede van Athlone, Heideveld en die omliggende gemeenskappe gestig is, met ŉ missie om gesonder leefstyle deur stap en hardloop te bevorder, terwyl genot en gemeenskapsgees beklemtoon word; verder kennis neem dat die Kaapstadse Chinese konsul en hooggeplaastes die geleentheid bygewoon het om ŉ groter begrip van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se verskillende kiesafdelings te kry; erkenning gee dat die geleentheid nie net ŉ dag van atletiekaktiwiteite was nie, maar ook ŉ viering van die kultuur en erfenis van die Wes-Kaap, wat gemeenskappe in gedeelde tradisies verenig; kennis neem dat verteenwoordigers van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement en die Stad Kaapstad teenwoordig was om met deelnemers en inwoners in gesprek te tree as deel van ŉ kiesafdeling-uitreiking en erfenisherdenking; die behoefte aan meer geleenthede van hierdie aard beklemtoon om positiewe uitlaatpunte vir die jeug te bied, om misdaad te verminder, om gesonde leefstyle te bevorder en om eenheid in diverse gemeenskappe te bevorder; en voorstel dat die Huis ŉ boodskap van gelukwensing aan die Nantes-atletiekklub stuur, wat ander gemeenskappe sal aanmoedig om soortgelyke klubs te stig om aandag aan gesondheids- en welstandsuitdagings te skenk en gemeenskapsbande te versterk.

Goedgekeur.

16. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en mnr Ayanda Ndamane, ŉ bekroonde fotojoernalis van Independent Media, gelukwens met sy uitstaande prestasie by die 2024-Vodacom Joernalis van die Jaar-toekennings, waartydens

hy met die titel Fotograaf van die Jaar vereer is vir sy werk wat ŉ groot indruk gemaak het, insluitende die foto "Pro-Palestina crowd clash with police" (Pro-Palistina-skare bots met polisie"), wat op die voorblad van die *Cape Times* verskyn het; verder kennis neem dat hierdie gesogte toekenning volg op mnr Ndamane se vroeëre verering by die 2024-Standard Bank Sikuvile-toekennings waar hy vereer is vir sy foto's van pro-Palestynse betogings wat ŉ groot impak gemaak het, en sy plek verder bevestig het as een van Suid-Afrika se mees talentvolle en invloedryke fotojoernaliste; erkenning gee dat mnr Ndamane se uitsonderlike toewyding tot sy werk, wat nie net sy tegniese vaardigheid beklemtoon nie, maar ook sy toewyding om belangrike stories te vertel, wat dikwels met groot persoonlike risiko gepaard gaan, en sy rol in die gebruik van fotografie om kritieke sosiale en politieke kwessies uit te lig; verder erkenning gee dat mnr Ndamane se sukses dien as ŉ sterk inspirasie vir jongmense, veral vir diegene uit benadeelde agtergronde soos sy eie, wat wys dat harde werk en deursettingsvermoë dit moontlik maak om selfs die grootste uitdagings te oorkom, en hoop aan die volgende geslag joernaliste en fotograwe gee; en mnr Ayanda Ndamane gelukwens met sy welverdiende erkenning by die 2024-Vodacom Joernalis van die Jaar-toekennings en hom aanprys vir sy volgehoue uitnemendheid en toewyding tot die fotojoernalistiekberoep.

Goedgekeur.

17. Mnr F Kamfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en Emile Witbooi, ŉ 16-jarige talentvolle sokkerspeler van Cape Town City, gelukwens met die ongelooflike geleentheid wat hom te beurt geval het om proewe by die Chelsea-sokkerklub, een van die mees gerespekteerde en gesogte sokkerspanne ter wêreld, by te woon ter erkenning aan sy merkwaardige vermoëns op die sokkerveld; verder kennis neem dat Emile genooi is na proewe van vier weke by Chelsea se oefenbasis in Londen, ŉ betekenisvolle stap in sy belowende sokkerloopbaan en ŉ bewys van sy vaardigheid en potensiaal, wat reeds die aandag van verskeie top- Europese klubs getrek het; erkenning gee dat Emile se sokkertalent in sy gene is, aangesien hy die seun is van die hoogs gerespekteerde sokkerspeler, Bradley Ralani, wat al vir vooraanstaande spanne gespeel het, insluitende Cape Town City, Cape Town Spurs en Mamelodi Sundowns, wat bygedra het tot Emile se eie passie en dryfkrag in die sportsoort; erkenning gee dat hierdie geleentheid ŉ belangrike mylpaal vir Emile is, nie net in sy persoonlike ontwikkeling as sokkerspeler nie, maar ook as ŉ potensiële toekomstige ster van Bafana Bafana, Suid-Afrika se nasionale sokkerspan; en Emile Witbooi gelukwens met sy uitnodiging na die proewe by die Chelsea-sokkerklub en hom alle sterkte toewens met hierdie opwindende hoofstuk in sy sokkerloopbaan wat hy aanpak.

    Goedgekeur.

18. Die Huis verdaag om 18:00.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement